

Plaasmoord – grusaam, wreed, onvergeeflik
HARTSWATER
Die rou van onthou
Heidi Taljaard

Hartswater:
Die rou van onthou

-Wanneer ongenaakbare hande kosbare
geliefdes wreed uit jou lewe ruk-

Heidie Taljaard

Copyright: Heidie Taljaard

e-ISBN 978-1-0492-1291-3

First edition November 2025

Set in Garamond 12

Editing

PENdit.za

www.pendit.co.za; info@pendit.co.za

Typography

Bets Koen / bets.adminco@gmail.com

Cover design

Nico Schamrel

www.nicoschamrel.com / nicoschamrel@gmail.com

This ebook is licensed for your personal enjoyment only. This ebook may not be re-sold or given away. If you would like to share this book with another person, please purchase an additional copy for each recipient. If you're reading this book and did not purchase it, or it was not purchased for your use only, then please return to your favourite ebook retailer and purchase your own copy.

Publisher

NS SKRYWERSHUIS
Aanlyn boekwinkel

www.nskrywershuis.co.za / info@nshuis.co.za

Voorwoord

Hierdie is my gevoelens… neergepen uit die diepste seer van my hart… soms rou, soms te eerlik.

Aan die begin was die bedoeling van die boek slegs vir my om uiting aan my emosies te gee. Later het ek egter besef dat die wêreld hierdie storie moet hoor. Die hartseer realiteit waardeur soveel van ons Suid-Afrikaners gaan. 'n Storie van ongelooflike seer, maar ook hoe ons as gewone, sukkelende mense deur die storms van die lewe beur.

Ek het ook besef dat min van ons werklik 'n idee het van hoe hofsake verloop. Daarom het ek probeer om so effense blik op ons storie te gee.

Ek het die volledige hofdae se opsommings hier beskryf. Soms is dit ongelukkig baie visueel en grafies.

Sensitiewe lesers moet liefs die hofdae beskrywings oorslaan.

Die hartseer is egter dat dit die realiteit is.

Dit het gebeur.

En ons leef dit.

Elke dag.

Die lewe is vol aardskuddende oomblikke, maar sommige dinge is so enorm dat dit jou vir altyd verander…

Verlies is deel van die lewe en kom in baie vorme. Dit is 'n verwoestende vuur en die vlamme brand alles om jou af, maar jy skud die as van jouself af en jy stap die volgende vuur tegemoet met die oortuiging dat die vuur nooit tot in jou kern sal kom verwoes nie. Verlies van jou werk, jou inkomste, verhoudings wat nie die uitdagings van die lewe kan weerstaan nie, en dood…

Maar tog oorkom mens baie uitdagings. Met liefde, ondersteuning en geloof. My ouers het my geleer om die geskroeide as van die lewe om my af te skud, op te staan en die volgende vuur vierkantig in die oë te kyk met die wete dat die vlamme nooit my siel sal kan raak nie…

En toe verloor ek my ouers… Dood van 'n geliefde is traumaties. Dood, vergesel met ongenaakbare, brutale moord, is meer as wat ons kan verstaan en kan hanteer.

Rou is 'n immerteenwoordigende, ongenooide gas, maar hoe meer jy daarteen rebelleer, hoe seerder maak dit.

Daarom het ek geleer om dit te verduur, om bitter (en gereelde) trane te stort en om te probeer voortleef, ten spyte daarvan.

Ek het geleer om my rou in te nooi. Om dit oor my te laat spoel en stil daarmee te sit. Om dit kans te gee om my te wys dat smart in werklikheid net oorweldigende liefde is. Want, as daar nie liefde was nie, sou daar ook nie hierdie diepe smart gewees het nie, en vir daardie liefde is ek dankbaar.

Dit bly egter steeds rou… Verwoestend, verlammend, lewensveranderend, en meeste dae bly dit steeds ondraaglik.

Ek is nie meer myself nie… ek het daardie vrou 26 Julie 2020 verloor… Nou is ek amper soos 'n nuwe kennis wat ek elke dag versigtig nader en weer moet leer ken. Iemand wie se manier van dinge doen my soms verbaas laat. Soms selfs geskok en dan wil ek sommer met haar raas. En soms wil ek haar net in my arms neem en haar vashou sodat sy teen my bors haar frustrasie en misnoeë met die lewe kan uitbaklei. Ek wil haar troos en vir haar vertel dat dit eendag beter sal raak. Maar eendag voel so ver en haar seer voel net so naby. Dit sny in elke greintjie van haar menswees en ek dink die vrou wat ek geken het, is vir altyd vir my en almal om haar verlore…

Hierdie is die verhaal van hoe my lewe totaal uitmekaar geval het, en hoe ek dit weer stukkie vir stukkie aanmekaar (probeer) sit het.

Die Rou van Onthou



Hoofstuk 1

Ons was ’n gelukkige gesin. Ek is die jongste van vier kinders en ons was altyd omring deur liefde. My ouers was liefde in aksie! Hulle het ons groot gemaak met respek vir alles en almal om ons, integriteit, waardes en liefde vir mekaar, maar ook vir mense. Ons was boere. Ons was grootgemaak met ’n liefde vir die grond en vir ons land.

Ons het groot geword op Vaalharts. My pa het groot geword op dieselfde stukkie grond en Vaalharts het ’n lang geskiedenis.

My oupa het in die Tweede Wêreldoorlog gaan veg. Die Britse koningin het die lappie grond in Vaalharts gekoop en dit as vergoeding aan al die soldate wat gaan veg het, gegee. Met die soldate se terugkeer het hulle ’n bos sleutels gekies en daarop was die perseelnommer. Oupa Brand het 2M9 getrek. Dit was rowwe Noordkaap omgewing en die stukkie beloofde land was net gras, bosse en ’n sinkhuisie, oftewel kombuisie. So het hulle begin om die grond skoon te maak en landerye uit te lê. Pappa en sy broers was jong seuns, maar hulle het baie staaltjies vertel oor hoe hard hulle gewerk het om die lappie aarde te omskep in landbougrond.

Die pioniers het later ook kanale uitgegrou van die Vaalrivier af en so het die beroemde Vaalharts besproeiingskema begin. My pa het van kleintyd saam met sy broers en pa gewerk om hulle grond te ontgin en bewerk om uiteindelik hulle stukkie hemel op aarde te hê. Vaalharts was in Pappa se bloed. Hy het die rooi grond geken en sy hartklop was in die stukkie aarde.

Daar was wel so ’n kort rukkie dat my ouers die plaaslewe vir die stadslewe verruil het. Ons het in Bloemfontein gewoon en albei my ouers was korporatiewe mense. Maar die Vaalharts rooigrond het altyd na Pappa uitgeroep en toe ek vyf jaar oud was, het my ouers besluit om voltyds terug te trek Vaalharts toe. Hy wou gaan boer.

Ons was ’n normale gelukkige gesin, met vier kinders, my oudste broer Danie, Elzabie, Trudie en ek. Ons was ongelooflik na aan mekaar en ons kinders was altyd mekaar se beste maats. My kinderjare was gevul met wonderlike herinneringe soos kanaalry, vrugte direk van die bome af eet en familie etes waar ons almal saam om die tafel geëet en gesels het. Dit was ook gevul met harde werk soos katoen oes, grondboontjies pluk, lusern baal en laai en eindelose pekanneutoeste.

Ons vier kinders moes almal inspring om saam met Pappa en Mamma te werk. Wanneer die lusern gebaal is en die reën het oor die rantjies aangedreun gekom, het ons almal vinnig

ingespring om die bale te laai. Junievakansies was pekanneut oestyd en vir weke daarna was jou hande geel gevlek van die fyn swart stof van die neute!

So het ons almal ook saam gebou aan ons familiehuis. My ouers het self elke steen, elke teël, elke sinkplaat in ons huis gelê. En ons het gehelp waar ons kon. Maar ons was gelukkig! Ons het geboer, hard gewerk en geleef met dankbaarheid vir elke stukkie seën.

Ons het grootgeword en elkeen het ons eie lewe begin. Maar huis toe was steeds Vaalharts en dit was waar ons veilige hawe was. Waar ons herlaai het. Waar ons moed vir die lewe gevind het. Dit was altyd ons huis, ons veilige hawe…



Hoofstuk 2

Maandag 27 Julie 2020 het my hele lewe onherroeplik verander… dit het eintlik reeds Sondag 26 Julie verander, maar ek was salig onbewus daarvan…

Ek dink deesdae so baie aan Einstein, Bohr en Pais en hulle teorieë van persepsie…

"If a tree falls in a forest and no one is around to hear it, does it make a sound?"

Hoe is dit moontlik dat ek onbewus daarvan was dat mense wat so 'n absolute groot rol in my lewe speel, net nie meer daar is nie? Hoe kon ek dit nie weet nie? Hulle was my alles, ek besef nou hulle was vir my soos suurstof wat my aan die lewe gehou het.

Sonder hulle, voel dit of ek versmoor.

Ek sal nooit daardie vreeslike Maandag vergeet nie. Ek en my sus het erg bekommerd en onrustig oor hulle geraak, want ons kon hulle nie in die hande kry nie. Ek het Sondag 12:15 met hulle gesels en grappe gemaak oor ons karavaanvakansie wat voorlê. My pappa was so lief vir kamp. Ons het daagliks vier, vyf of soms sommer heeldag so tussendeur, met mekaar gesels. Maar soms het hulle hul fone verlê, of die batterye het pap geraak en as ons iemand gevra het om te gaan kyk, was hulle oukei. Ons het altyd met hulle daaroor baklei…

"Ons is bekommerd oor julle."

"Dit is onverantwoordelik."

"Dit is nie regverdig om ons so onnodig te laat worry nie…"

Maar daardie Maandag het die onrustigheid bly knaag en soos 'n donker wolk oor my gemoed kom hang. Met elke onbeantwoorde oproep het die onrustigheid verander in vrees en iemand moes dringend gaan kyk. En sommer met hulle raas ook as hy daar kom!

"Heidie, ek is baie jammer. Hier is moeilikheid. Die agterdeur is oopgebreek. Daar is baie bloed. Ons kry hulle nie…"

Met daardie woorde spat jou lewe, soos jy dit geken het, uitmekaar. Angs en desperate vrees klou om jou hart, jou bors, jou hele menswees. En dan is daar so flentertjie hoop wat wil-wil nes skop. Jy soek foto's en motorregistrasienommers. Maak Facebook posts, bel rond en smeek almal om hulp.

En jy bid met alles in jou: "Asseblief Vader, beskerm hulle, hou hulle veilig, bring hulle terug na ons…"

Jy probeer glo, jy probeer hoop. Totdat alle hoop van jou af weggevat word. Dit voel asof iemand jou hart stukkie vir stukkie uit jou borskas ruk en al wat jy kan doen is om in 'n bondeltjie op die grond neer te sak. En jy huil. Daardie tipe huil wat jou binneste oopskeur. En dan weet jy… Niks sal ooit weer dieselfde wees nie…

Wanneer 'n boom val, maak dit nie saak of daar 'n geluid is nie… Die plek waar die boom gestaan het, is leeg…

En dit maak saak.